MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

29 SEPTEMBER 2011

CDP ontsteld oor polisiebrouwerk

“Ons is baie ontsteld omdat swak polisiewerk volgens aanduidings daarvoor verantwoordelik was dat tien verdagte plaasaanvallers vrygespreek is,” sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP). Hy het geregeer op die vryspraak van tien verdagtes wat van die wrede aanval op die verlamde mev. Nellie van Rensburg en haar bejaarde ma, mev. Martha van den Berg op hul plaas by Rosendal aangekla is.

“Dit gebeur ongelukkig te veel dat voorsittende beamptes swak polisiewerk die skuld gee dat verdagtes vrygespreek moet word. In ons regstelsel kan iemand nie skuldig bevind word sonder behoorlike bewyse nie, maar as brouwerk die aanbied van bewyse dwarsboom, is daar ‘n groot skroef los.

“Al dui statistiek op ‘n afname van plaasmoorde, was daar vanjaar in die week na pres. Jacob Zuma se staatsrede gemiddeld ‘n plaasmoord per dag. Onlangs is ‘n jong boer van KwaZulu-Natal met ‘n mes doodgesteek terwyl hy met sy dogtertjie in die arms probeer vlug het.”

Bungling police upsets CDP

“The Christian Democratic Party is very upset that poor police work was apparently the reason for ten suspected farm attackers being discharged,” says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP), who was reacting to the release of the suspects who savagely attacked the invalid Mrs. Nellie van Rensburg and her elderly mother, Mrs. Martha van den Berg, on their Rosendal farm.

“Unfortunately there are too many cases where presiding officers blame poor police work for having to discharge the accused. According to our legal system, no-one can be found guilty without proper proof, but if proof is absent through incompetence, something is seriously amiss.

“Even as statistics indicates, that farm murders are on the decrease, at the same time, one must take note that in the week following Pres. Jacob Zuma’s State of the Nation address, there was an average of one farm murder per day. Recently a young KZN farmer was murdered whilst trying to flee with his young daughter in his arms.”

Polisie nalatig; 10 vry

2011-09-28 22:08
Maryke Swart
FICKSBURG. – ’n Groep van tien wat daarvan aangekla is dat hulle in 2009 ’n verlamde vrou en haar bejaarde ma wreed in ’n rooftog op ’n plaas by Rosendal aangerand het, is gister hier in die streekhof vrygespreek weens ’n uiters swak polisie-ondersoek.
Streeklanddros Ollie Koekemoer het, toe hy die tien weens onvoldoende bewyse vrygespreek het, uitgevaar teen die polisielede wat in die ondersoek betrokke was en oor hul swak polisiewerk.
“Die slagoffers het alle reg om vandag te voel asof die strafregstelsel hulle in die steek gelaat het. Daar het net hierdie week weer ’n plaasaanval in die omgewing gebeur. Talle boere en hul werkers leef in afsondering en staar hierdie gevare in die gesig en dan is dit die wyse waarop ’n ondersoek gedoen word.”
Elf mense het die verlamde mev. Petronella (Nellie) van Rensburg (53) en haar ma, mev. Martha van den Berg (76), op 8 Junie 2009 in hul huis op die plaas Rooihoogte oorval en wreed aangerand.
Mnr. Van Rensburg en werkers het beeste op van sy ander plase gevoer.
Hul huishulp, me. Anna Lesesa, het in die aanval uit die huis gevlug en hulp ontbied.
Met mnr. Van Rensburg en ander boere se aankoms op die plaas, was die rowers reeds weg.
’n Haelgeweer, .22-geweer, .22-pistool, windbuks, drie selfone, ’n Londen-pen en R900 is geroof.
Die groep vermeende aanvallers is gou vasgetrek.
Hoewel ’n Londen-pen en ’n .22-pistool in die besit van twee van die vermeende aanvallers gekry is, was daar nie genoeg bewyse in die verhoor dat dit wel die Van Rensburgs se eiendom was nie.
Koekemoer het in sy uitspraak gesê: “Daar was geen getuienis voor die hof dat die vuurwapens vir vingerafdrukke getoets is nie. As ek sien hoe hierdie saak gehanteer is, betwyfel ek dit in elk geval sterk.”
Mnr. Van Rensburg het ook in die hof gesê geen polisiebeampte het die pistool aan hom gewys sodat hy dit kon uitken nie.

Mnr. Van Rensburg het wel die Londen-pen uitgeken as dié van sy vrou en het gesê dat die pen uniek is. Hy kon egter nie verklaar waarom die pen so uniek is nie. Daarom was daar nie genoeg getuienis om die beskuldigde wat met die pen betrap is aan die aanval en rooftog te verbind nie.
Lesesa het destyds een van die vermeende aanvallers uitgeken. Sy kon egter nie in die hof staaf waarom sy hom uitgeken het nie en het erken dat sy die vermeende aanvaller net skraps gesien het.
Koekemoer het gesê dit grief hom om te weet ’n klomp ervare polisiebeamptes en -offisiere was in die ondersoek betrokke en dat die ondersoekwerk so swak was.
Die groep wat gister vrygespreek is, is mnre. Mpho (37) en Mosa Ntsukunyane (34), twee broers van Sterkspruit, Mphosi Letsolo (58) van Lesotho, me. Pascalina Lepelesana (35) van Botshabelo, mnre. Rorisang Makgetha (23) van Sterkspruit, Tshoanelo Shasha (31) van Roodepoort, Thompson Kubheka (36) van Rustenburg, asook me. Emily Mahlawana (33) en mnre. Mothibedi Letube (34) en Pule Motseabane (42), almal van Ficksburg.
’n Elfde verdagte, mnr. Andriano Masinga, is intussen oorlede.